NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

BRONMATERIAALBOEKIE
VIR AFDELING B EN AFDELING C

IEB Copyright © 2021

BRON A Dit is 'n uittreksel uit die skrywe van Steve Biko, stigter van die Swartbewussynsbeweging.

Swartbewussyn is 'n gesindheid en 'n leefwyse ... die positiefste oproep in 'n lang tyd wat uit die swart wêreld afkomstig* is. Die kern daarvan is die swartman se besef dat hy saam met sy broers moet werk rondom die oorsaak van hul onderdrukking ... en om as 'n groep op te tree om hulle van die boeie* wat hulle bind, te bevry ... Dit is gebaseer op die selfondersoek wat uiteindelik daartoe gelei het dat hulle glo dat hulle die intelligensie van wie ook al hulle swart geskep het, beledig deur van hulleself af weg te hardloop en die witman na te boots*.

[Aangepas van: Steve Biko: I Write What I Like (1978), Hoofstuk 14 Aangehaal uit: From Apartheid to Democracy South Africa 1948–1994, T Nuttall et al, Shuter & Shooter, 1998 p. 94]

*afkomstig – ontstaan, kom
*boeie – kettings
*na te boots – na te volg

BRON B 'n Uittreksel van Clive Glaser, 'n historikus wat kommentaar lewer op die invloed van Swartbewussyn in Soweto-skole.

Teen die middel van die 1970's was hoërskoolleerlinge in 'n unieke posisie om politieke leierskap in Soweto te aanvaar. Sekondêre skole ... het 'n verenigende invloed gehad. Hulle het op groot skaal geletterde jeugdiges met soortgelyke ervarings en griewe saamgetrek. Hoërskole ... was ontvanklik* vir die Swartbewussynsideologie ... Skoliere, met energie en onafhanklikheid, en gevul met 'n selfoortuiging geïnspireer deur Swartbewussyn, het die politieke vakuum* beset wat deur die verbode Kongresbewegings gelaat is.

[Aangepas van: C. Glaser. "*Youth Culture and Politics in Soweto 1958–1976*", Ongepubliseerde PhD-tesis, Cambridge: Cambridge Universiteit (1994), p. 111]

*ontvanklik – oop en belangstellend
*vakuum – ruimte

BRON C Dit is 'n uittreksel van Sibongile Mkhabela wat haar hoërskooldae in Soweto onthou.

Die kerk was sentraal in ons gesinslewe ... Die Jong Vroue Christelike Vereniging (YWCA) het 'n positiewe herontwaking onder jongmense moontlik gemaak. Dit was opwindend om te luister na mense soos ... Bro Tom Manthata van die Black People's Convention, George Wauchope en ander leiers van die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) wat studente georganiseer het deur die werk van instellings soos die YWCA, en seminare gehou het oor die politieke en sosiale kwessies van die dag. As gevolg van hierdie seminare het jeugdenke meer en meer begin beweeg na 'n kritiese bewustheid wat gevorder het tot en gekoppel is aan die filosofie van Swartbewussyn ... Ons het die impak van die aktiwiteite van SASO gevoel, sowel as van die Universiteit se Christelike Beweging en Studente se Christelike Beweging. Deur my skakels met die YWCA en ander township-jeugklubs is ek aan seminare blootgestel ... My skoolboeke het slagspreuke soos "Swartman, jy is op jou eie", "Swart en trots", "Black is beautiful" op gehad …

[Aangepas van: South African Democracy Trust, *The Road to Democracy in South Africa Volume 2 (1970–1980)*, UNISA Press, pp. 317–337]

IEB Copyright © 2021

BRON D Hierdie uittreksel is afkomstig van Nyanisile Jack, 'n student in Soweto in 1976 wat besin oor die oorsake van die opstand.

... Natuurlik was die opstand aan die begin tot die studente beperk, met die belangrikste of onmiddellike kwessie dié van die afdwing van Afrikaans. Jy moes die helfte van jou kursusse in Afrikaans doen; uit ses vakke moes die helfte in Afrikaans gedoen word en die res in Engels. Dié besluit was 'n belediging*, weet jy, 'n direkte belediging deur die Pretoriase regering vir die studente wat hulle [die studente] nie kon aanvaar nie, en daarom het hulle deur vergaderings, en so meer, begin protesteer. Dit was hoofsaaklik in Soweto. Later het dit gelei tot optogte waarop die polisie met vuurkrag reageer het. En daardie hele ding het sogenaamde "opstand" aangevuur.

[Aangepas van: <https://karibu.org.za/june-1976-the-uprising/> Verkry 8 Januarie 2019]

*belediging – verkleinering


BRON E Dit is 'n uittreksel van 'n historikus wat kommentaar lewer op faktore wat die Soweto-opstand in 1976 veroorsaak het.

… party van die jonger onderwysers, ook in Soweto, kom van die etnies verdeelde kampusse van Fort Hare en die Universiteit van die Noorde, waar hulle die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) gestig het. Die organisasie was gebaseer op die filosofie van Swartbewussyn en is met Steve Biko verbind. Hierdie jong professionele persone het 'n groot invloed gehad op opkomende studente-organisasies soos die South African Student's Movement (SASM), wat in skole gestig is. Party uitsprake verwys selfs na die SASM as 'n skoolgebaseerde tak van SASO. Uitsprake van die SASM en die SASO het die toenemende opgewondenheid weerspieël wat jong swartmense ervaar het, geïnspireer deur die werkers se stakings van 1973 in Durban, die val van die Portugese regimes in Angola en Mosambiek in 1975, en die suksesse van versetbewegings tydens die oorlog in Rhodesië ...

[Aangepas van: Elsabe Brink, Gandhi Malungane, Dumisane Ntshangase, Steve Lebelo, Soweto 16 Junie 1976, Kwela, Suid-Afrika (2006) Beskikbaar [AANLYN] <http://learn.mindset.co.za/sites/default/files/rebronlib> Verkry 7 Januarie 2019]

IEB Copyright © 2021

BRON F **Dit is 'n plakkaat wat deur die Black People's Convention (BPC) geskep is as huldeblyk aan Steve Biko na sy dood in 1977.**



[Steve Biko [AANLYN] beskikbaar by: <http://www.thedisplacedafrican.com/2008/03/my-heroes-steve-biko-and-malcolm-x/> Verkry 9 Januarie 2019]

IEB Copyright © 2021

BRON G Dit is 'n uittreksel uit 'n Suid-Afrikaanse aanlynpublikasie, *The Daily Maverick*, gepubliseer op 2 November 2018, rakende die Swartbewussynsbeweging.

Die African National Congress (ANC) was vanweë sy ballingskap nie in 'n posisie om 'n massa-opstand* van stapel te stuur soos wat die Swartbewussynsbeweging in die Soweto-opstand van 1976–1977 gedoen het nie, en wat vinnig versprei het na al die stedelike gebiede van die land. 'n Alliansie het al die moontlikhede gehad om die historiese kundigheid* van die ouer ANC en die militante* mobilisering deur die Swartbewussynsbeweging moontlik te maak. Dit is wat die apartheidsregime die meeste gevrees het, [naamlik] 'n eenheid van die versetgroepe wat apartheid beveg.

Daar moet onthou word dat die felheid* van die jeugweerstand en die tempo waarteen dit versprei het na feitlik* al die swart townships in 1976–77 en regoor die land, die apartheidsregime onverhoeds betrap het. Dit was verder kommerwekkend dat die Swartbewussynsbeweging die militante studente en jeugdiges uit die Indiër- en bruin gemeenskappe gelok het. Dit was hierdie eenheid en die duidelike moontlikheid van 'n alliansie van magte wat ... die hele apartheidsintelligensiegemeenskap hul bes laat doen het om dit te vernietig.

[Aangepas van: Craig Williamson's Trails of Death and Destruction: The Scandinavian Connection responds to exposures in Jyllands Posten, Prithiraj Dullay, 2 November 2018 [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.dailymaverick.co.za/article/2018-11-02-craig-williamsons-trails-of-death-and-destruction-the-scandinavian-connection-responds-to-exposures-in-jyllands-posten/> Verkry 2 Januarie 2019]

*opstand – oproer
*kundigheid – kennis
*militante – aggressiewe steun
*felheid – hewigheid
*feitlik – amper, byna

BRON H Dit is 'n uittreksel uit 'n Suid-Afrikaanse geskiedenisboek wat kommentaar lewer op die rol van Swartbewussyn in Soweto in 1976.

Die invloed van Swartbewussynidees en die African National Congress word oordryf. Die sentrale oorsaak van die opstand was die toename in werker-militantheid*. Die stakings in 1973 het aan Suid-Afrikaners getoon wat met massa-aksie en konfrontasie bereik kon word. Die jeugleiers van Soweto en elders het in 1976 'n kans verbeur om effektief met werkers te verenig en 'n ware rewolusionêre stryd teen die regering en base op te bou.

[Aangepas van: T Nuttall et al, From Apartheid to Democracy South Africa 1948–1994, Shuter & Shooter, 1998 p.109]

*militantheid– aggressiewe of rewolusionêre optrede

IEB Copyright © 2021